# HARTENBOS VAKANSIEDORP HUISEIENAARSVERENIGING

NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING NO 19
GEHOU OP 28 DESEMBER 2015 OM 09:00 IN DIE WALVISSAAL, HARTENBOS

1. **TEENWOORDIG:**
89 Lede soos per presensielys.

2. OPENING

Die vergadering word deur Dr Louis Schutte met gebed geopen.

3. NOTULE VAN JAARVERGADERING NO 19 GEHOU OP 30 DESEMBER 2015

Die notule van hierdie vergadering is aan al die lede gesirkuleer. Geen terugvoer rondom die korrektheid daarvan is ontvang nie en die notule is as korrek aanvaar. Sake in hierdie notule is in die Bestuursvergaderings in die loop van die jaar opgeneem en afgehandel.

4. VASSTEL VAN DIE SAKELYS

Die lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en die sakelys word vasgestel soos voorgelê.

5. VOORSITTER SE VERSLAG

5.1 Ek wil u graag hartlik welkom heet by hierdie 20ste Jaarvergadering van die Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer in terme van die kennisgewing, en ledetal teenwoordig. Daarom gaan ek voort om die vergadering te lei.

5.2 VASSTEL VAN SAKELYS

Lede het kennis gekry van die sluitingsdatum vir die sakelys en aangesien geen voorstelle vir bespreking ontvang is nie, word die sakelys vasgestel soos aan u voorgelê.

5.3 So kom ons dan nou aan die einde van 2015. Dit is met vreugde dat ons terugkyk op die GROOT GENADE wat ons uit die Vaderhand ontvang het. Ons mag terugkyk en beleef hoe die Here weer Sy versorgende Hand oor die Hartenbos Huiseienaars se grondgebied gehou het. As ons terugkyk sien ons vreugde, en seëninge maar, …………. ongelukkig soms ook hartseer. Wat egter uitstaan is die groot Genade wat ons ontvang het. Genade om weer met ons gesinne, vriende, bure en ook ATKV hier op Hartenbos, verenig te kon word. Genade om te kan lag en sing en aangename ure op die strand, in die see en amfiteater te kan deurbring. Omdat ons egter een groot Hartenbos familie is, wil ons ook hulde bring aan lede of familielede wat ons die afgelope jaar ontval het. Daarom wil ek vra dat almal sal opstaan asb. ……….

Terwyl ons met geboë hoofde staan, dink ons aan geliefdes wat met ernstige

siektes worstel of wat ons hierdie jaar ontval het. So wil ons dan hulde bring aan hul bydraes om Hartenbos te bou tot die pragoord wat ons vandag hier beleef. Ons wil aan die wat ons verlaat het sê dat ons hul bydraes waardeer en sal poog om dit in die toekoms te kan gestand doen. Mag die Here ons hiertoe krag en genade gee? ……. Dankie.

Ek wil begin deur aan Bestuur dankie te sê vir onverdrote ywer aan die dag gelê om te waak oor die belange van ons geliefde Hartenbos. Ons het drie vergaderings die jaar gehou wat ons probeer skeduleer het binne skoolvakansies waartydens Bestuurslede, wat nie op Hartenbos woon nie, op eie koste na Hartenbos gereis het. Hulle kon dit dus meng met ŉ bietjie vakansie in hul huise. Dit het ons ŉ groot bedrag aan reiskoste bespaar. Op die vergaderings was Bestuurslede deurgaans voltallig met slegs enkele uitsonderings waar hulle verskoning aangebied het weens verpligtinge elders. So herstel Boeta tans van ŉ knievervangings-operasie by sy kinders langs die Weskus en wil ek graag verskoning aanbied vir sy afwesigheid vandag. Lukie is eweneens ongesteld en ons teken sy verskoning aan. Rassie werk tans skof op Oudtshoorn in die Polisie.

Ek het telkens die erns waarmee Bestuurslede hul taak opneem geleef asook hul sinvolle besprekings tydens vergaderings waardeer.

SEKURITEIT

Ons beleef waarlik gevaarlike tye waar mens nêrens meer veilig voel nie. Soos ek verlede jaar gewaarsku het, beskou kriminele elemente die Suid-Kaap al meer as ŉ 'soft target' en daarom dring al meer van hulle ons gebied binne. Hier dien ons sekuriteitsmaatskappy as baie doeltreffende buffer teen enige misdaad. Danksy suksesvolle patrollering deur ons sekuriteitsbeamptes was daar gelukkig nie een ernstige geval waar iemand leed aangedoen is binne ons gebied nie. Enkele gevalle van inbraak, soos ons sekuriteitsbeampte in sy jaarverslag aan Bestuur aantoon, bied tog rede tot kommer. Te danke aan hulle bekwame optrede het feitlik al die gevalle tot suksesvolle arrestasies gelei. Om ons sekuriteitsbeamptes meer 'tande' te gee om ongewensde elemente 'op sig' uit ons gebied te verwyder het Bestuur besluit om alle toegange van 'PRIVAAT EIENDOM/GEEN TOEGANG' bordjies te voorsien. Dit beteken eenvoudig as enige ongewensde persoon binne die oord betrap word en nie ŉ vaste adres en naam kan verskaf waarheen hy op pad is nie, dit word gekontrolleer, word hy eenvoudig met die kortste roete 'begelei' tot buite ons gebied waar hy maar sy make kan gaan maak, by wyse van spreke.

Vir Bestuur is veiligheid nie onderhandelbaar nie! Daarom is die houthuisies vir sekuriteitsbeamptes vermeerder. Die houthuisies is nodig vir ons sekuriteitsbeamptes vir neersit- en toesluitplek vir hul klere en kos en ook om skuiling aan hulle te bied as dit reën. Hulle kyk veral na dinge soos oop vensters, deure en garagedeure wat nie gesluit is nie, waterpype wat bars en krane wat lek, ongemagtigde parkering, bedelaars, smouse en boemelaars. Een ekstra sekuriteitsbeampte is vanjaar deur Bestuur aangestel om Karoo-dorp te help beveilig tydens die Konstruksie-fase van ATKV se Strandprojek. Wat baie help is dat ons saam met ATKV dieselfde sekuriteitsmaatskappy gebruik en beamptes ondersteun dus mekaar wedersyds as dit nodig is.

Ek wil lede graag bedank vir die mooi vriendelike omgang met

sekuriteitsbeamptes en ook die uitstekende diens wat hul lewer weer boekstaaf. Die uiters bekwame werk van hoofsekuriteits-beampte, Fortuin, verdien hier spesiale vermelding. Die feit dat diefstal min voorkom in ons oord, is te danke aan sekuriteitsbeamptes wat ongure karakters dadelik rapporteer en verwyder as hulle ons gebied betree. Met hul goeie ondersoekwerk en samewerking met die polisie is meeste sake sover suksesvol opgelos. Bestuur beveel aan dat daar weer 'n klein aansporingsbonus aan sekuriteits-beamptes oorhandig word.

Ek moet u egter ook waarsku dat nalatigheid aan die kant van ons lede, soos die ooplaat van deure en vensters, dikwels primêr die oorsaak van inbrake is. Soms bly hang sleutels ook in deure. Dit wil ook voorkom asof veral inwoners by Rivieroewer se huise al meer geteiken word. Dit dui op mense van buite ons gebied wat ingery kom en dan by die riviermond parkeer. Hierdie saak sal weer met die Mosselbaai Munisipaliteit opgeneem word. (Lees Sekuriteitsverslag)

Louis Du Plooy, hoof van sekuriteit, is hier as u enige vrae het.

ATKV ONTWIKKELING STRANDFRONT

Ek kan met groot dankbaarheid meld dat die Strandfrontontwikkeling van ATKV amper ongesiens in aanvang geneem het. Sover het dit weinig invloed op ons lede gehad te danke aan Bestuur se tydige insprake en ATKV se akkommoderende oor vir ons klagtes en wenke. Dit strek Bestuur en ATKV tot eer dat hulle so 'n mooi werksverstandhouding hieroor kon ontwikkel. Hier wil ek graag ons oordbestuurder, Morne, opreg bedank vir sy toeganklikheid en 'oopdeur-beleid' vir ons. Ek glo dat soos die projek vorder daar verseker nog groeipyne sal ontwikkel, maar is ook vol vertroue dat alles uiteindelik tot stigting van almal afgehandel sal word. Hier is dit tog belangrik dat lede klagtes/ wenke deurgee aan Schalk sodat Bestuur dadelik daarvan bewus word en dit bespreek vir moontlike optrede, indien nodig.

Die hele Dalmanuthalaan is aan ons oorgedra en gaan ons dit, op versoek van al die inwoners daar, permanent sluit vir groter veiligheid vir lede. Geen deurverkeer vanaf groter Mosselbaai-gebied sal dus meer deur Dalmanuthalaan in Outeniqualaan en so deur Karoodorp kan insypel en ons lede se lewens versuur nie. Dit strook ook met Bestuur se breë oorhoofse siening dat die enigste volhoubare weg om ons lede se veiligheid doeltreffend te kan waarborg, in die gevaarlike tye waarin ons lewe, sal wees deur middel van toegangskontrole by die toegange. Ek versoek lede asb. vriendelik om Bestuur se voorgenome besluite en aksies altyd in dié lig te sien. Ons siening is deurgaans dat die strate in ons gebied slegs vir ons eie mense/gaste is. Oor ons eie mense het ons nog nooit enige besware gehad nie.

In opvolging van lede se klagtes/wenke het Bestuur in deurlopende gesprekke met die ontwikkelaar en ATKV, deurgaans 'n begrypende oor ontvang. Ons dank hiervoor gaan aan ATKV en veral ook aan die bestuurder, Morné, wat ingewillig het om ons weer soos verlede jaar oor vordering van die hele ontwikkeling kortliks te kom inlig. As lede moontlike vrae/vrese het, ook rondom wat met die MS Pienaargebou beoog word, sal hy dit ook sommer hanteer. Morné asb.

HARDE MUSIEK IN AMFI-TEATER

Inwoners rondom die Amfi, het in die verlede musiekfeeste, met oormatige

klankversterkers, as 'n geweldige geraas oorlas ervaar. Ons gesprekke met ATKV hieroor was besonder vrugbaar. Na afloop van die 2014 feesseisoen het ons weer met ATKV hieroor in gesprek getree en vanjaar is die aktiwiteite op die amfiteater nie so 'n erge steurnis nie. Geen enkele klagte daaroor het vanjaar my ore bereik nie.

Die Amfi-teater was nog altyd deel van die hart van Hartenbos. U moet my asb. verskoon as ek bietjie sentimenteel raak oor die Amfi, maar vir my as vakansieganger wat in 1971 die eerste maal 'n erediens daar bygewoon het, hou die Amfiteater 'n geestesverrykende ervaring in elke maal dat ek 'n aktiwiteit daar met my kinders en nou ook al my kleinkinders bywoon. Veral die Boeremark daar is 'n welkome en aangename toevoeging. As deelnemers die Wet oor klankbesoedeling, reg toepas, sal niks van die atmosfeer van die Amfi verlore gaan nie en kan ons kinders voortgaan om die aktiwiteite daar te geniet lank na ons miskien nie meer met hulle sal wees nie.

Ek wil u ook aanmoedig om die byeenkomste en konserte op die Amfi saam met u gesinne by te woon en te ondersteun. Watter pragtige gesig was dit nie Kersoggend toe 'n geskatte 10 000 mense die diens daar bygewoon het nie?

HEFFING OP STRAATLIGTE

Ons is tans in 'n verbete stryd met die Stadsraad oor betaling van die heffing op straatligte wat hulle skielik van ons eis. Ons standpunt vanaf die begin was dat ons weier om te betaal alvorens ander sake nie ook aangespreek kan word nie. Kortliks verslag hieroor:

- Op 11 Maart vanjaar het die stadsraad, sonder enige kennisgewing, skielik straatligte afgeskakel.
- Die volgende dag, 12 Maart, het ons Adv. Joubert genader oor moontlike regstappe. Sy advies was dat ons nie dadelik die hof moet nader met 'n interdik nie, maar die stadsraad duidelik moet laat verstaan dat ons dit beslis in die hof gaan opponeer.
- Die volgende dag, 13 Maart, het die stadsraad blykbaar geskrik oor ons beoogde aksie want hulle het toe dieselfde adv. Joubert genader om advies. Hy kon natuurlik nie vir hulle optree nie, want hy was alreeds ons regsverteenwoordiger en het hulle na ons prokureur, Johan Weideman verwys. Gesprekke tussen ons prokureur en die stadsraad se regskantoor het plaasgevind en die ligte is dieselfde aand weer aangeskakel.
- Stadsraad het toe aangedui dat hulle ons gaan dagvaar vir die uitstaande rekening. Dis eintlik wat ons wou hê want dan kan ons die ander sake – strate se opgradering, korting op eiendomsbelasting, ens. ook aanhaak en in die ope hof laat toets.
- Die stadsraad se prokureur het 'n skrywe aan Johan Weideman, ons prokureur, gerig wat heelwat foutiewe aannames bevat het en hom gevra vir 'n gesprek. Hul 'argumente/ verduideliking' dat die ligte pale te naby mekaar staan (hulle het dit self opgesit,/ hulle kan ook nie die 'oortollige' pale kom uithaal sonder ons toestemming nie, want die pale staan op ons grond) en hulle moniteer/meet wel die krag wat gebruik word maar 'teen 'n verlaagde skaal' wat dit ook al mag beteken?
- 'n Saak wat uit die korrespondensie prominent is, is dat die prokureur en munisipale bestuurder na ons verwys as 'n 'Privaat Dorp'. Tydens ons gesprekke in die verlede oor die korting op eiendomsbelasting was dit juis een van hul argumente dat ons NIE op dieselfde korting as bv. Vleesbaai mag

aanspraak maak nie, omdat Vleesbaai ’n private dorp is en ons nie. Dit kan dus vorentoe tot ons voordeel wees.

- Die stadsraad se prokureur het ons toe kennis gegee dat hul die ligte op 30 Junie gaan afskakel waarna ons weer met adv. Joubert vergader het. Sy advies was dat ons nou die rekening onder protes betaal met voorbehoud van al ons regte. (Onthou vanaf dag een was my opdrag aan Schalk om, as voorsorgmaatreël elke maand, die bedrag in ’n aparte rekening in te betaal.) Daarna kan ons ons voorbereiding deeglik doen en oorweeg om met ’n aansoek vir ’n verklarende bevel na die Hoër Hof te gaan. Hierdie saak sal die korting op eiendomsbelasting sowel as die heffing op straatligte ook kan aanspreek.
- Met ons opvolgvergadering maan adv. Joubert ons tot versigtigheid en spel hy aan ons die regsargumente en moontlike slaggate van so ’n proses uit. Ons sal dus eers die definisie van ’n privaatdorp deeglik navors asook die situasie rondom gedeelde dienste uitklaar.
- Daarom ons nuutste opdrag aan ons prokureur om die stadsraad te versoek of ons ’n privaatdorp is al dan nie. Dit sal grootliks ons strategie vorentoe betaal. Ons prokureur sal die toepaslike besluite soos vervat in die Raadsvergadering se notules rondom die besluite oor die afskakel van straatligte aanvra om te sien of dit enigsins enige regsgeldigheid het.
- Die Stadsraad se reaksie om hierdie inligting aan ons beskikbaar te stel was, om die minste te sê baie huiwerig, waaruit ons ons eie gevolgtrekking kan maak. Selfs Schalk se persoonlike navraag by beampte Niel Prins van die Stadsraad lewer niks op nie. Prins skuil gerieflik agter die ‘proses wat nou in hul prokureur se hande is’.
- Ons volgende stap in die nuwe jaar sal dan wees om hulle op terme te plaas en sodoende te dwing tot die deurgee van ons gevraagde inligting ooreenkomstig die reg op inligting volgens die Paia- wetgewing.
- Verskeie van ons lede is met die saak na die koerante en stadsraad, maar is terugverwys na ons prokureur. Ek wil ook lede vriendelik vra om die hele saak asb. maar in Bestuur se hande te laat. Ons waardeer egter lede se tydige skakeling met my/of Schalk. Julle is voorwaar ons ‘oë en ore’ op die grond. Dankie daarvoor.

’n Interessante voorstel wat tydens besprekings in Bestuursvergaderings oor die saak op die tafel verskyn het, is of ons nie moet begin kyk na sonkrag vir die straatligte en sekuriteitskameras daarmee saam nie. Sonkrag is immers gratis en nuwe tegnologie hieroor vorder baie vinnig. Ons sal dit beslis vorentoe ondersoek.

LAS VAN VOëLS

Wat kan ek oor die saak aan u rapporteur, anders as dat dit letterlik en figuurlik gesproke een groot gemors is? Wit kuifkopreiers is op Cites se rooi datalys as bedreigde spesie en mag in broeityd (Des- Maar) glad nie gesteur word nie. In die verlede was hul tuiste by die Jode kamp oorkant die rivier. Hulle het egter geweldig vermeerder.

Na hulle by die kerk in Hartenbos deur ’n Valkenier van George verwilder is, het hulle hul intrek in groot bome langs Port Natalweg geneem op die sypaadjie wat aan die munisipaliteit behoort. Afsaag van die bome bied geen oplossing nie omdat die bome nie op ons grond staan nie. Die storie loop rond dat iemand wat ’n boom onwettig afgesaag het ’n boete van R30 000 opgelê is. Ons kan ook mos nie ’n boomlose oord word nie. Klappers skiet is onwettig maar na die ergste

skrik daal hulle maar net weer neer in dieselfde boom. Stadsraad strooi wel strooi/saagsels onder die bome en verwyder dit weekliks maar dit beperk geensins die dag en nag geraas van die voëls nie. By my huis, seker maklik 500m weg, kan ek hul geraas duidelik hoor.

Dit is dus eerstens ŉ munisipale probleem waaraan Bestuur weinig kan doen. In my ondersoek oor die probleem het ek wel die Endangered Wildlife Trust se CEO, Yolan Friedman, se nr (021 788 5661) uitgevind en kan ek dit aan u deurgee. Die Trust ontwikkel alternatiewes met die oog op biologiese beheer, om impakte te verminder tot voordeel van beide dier en mens.

Birdlife Africa se Western Cape Conservation Manager, Dale Wright, (072 562 3946) kan ook gekontak word. Dis miskien net regverdig om eers te wag tot die vakansieseisoen verby is voor u hulle kontak oor die probleem. Selfs hulle sal weinig kan doen in die broeiseisoen.

Die Valkenier was reeds paar maal hier maar sonder veel sukses. Moet asb. net nie reg in eie hande neem nie, u mag uself aan die verkeerde kant van die gereg bevind. Die pers kan miskien ŉ handige hulpmiddel word. Iets soos my beste vakansiefoto van my motor/huis onder bome besmet met wit kuifkopreiers se mis, ens.

Ek wil graag ŉ paar oomblikke afstaan as daar lede is wat ons kan bedien met voorstelle aan ons geaffekteerde lede oor hoe om die probleem aan te spreek.

BOU SONDER PLANNE

Alle huiseienaars wat nog bouery by hul huise beplan moet asb. noukeurig luister na die volgende kennisgewing wat ons ontvang het vanaf die munisipaliteit. Dit lui: “Mense wat sonder goedgekeurde planne begin bou, of gebou het, sal met ingang 1 Julie 2014 VIER maal die normale tarief vir bouplanne moet betaal, met ŉ minimum van R5 700. As eiendom gekoop word waarop onwettige bouwerk plaasgevind het, sal die nuwe eienaar van die verhoogde tarief kwytgeskeld word as hy dokumentere bewys lewer, vergesel van ŉ beëdigde verklaring, dat hy nie vir die onwettige bouwerk verantwoordelik was nie.” So dit mag uiteindelik ŉ baie duur affêre word as u daardie garage/pakkamer stilletjies omskep in nog ŉ slaapkamer sonder planne. Ons het ook ŉ bestaande reëling met die Munisipaliteit dat hul Bou-afdeling nie eers kyk na ŉ plan wat nie by Erina ingegee is en die Huiseienaarsvereniging se stempel dra nie.

Hier wil ek graag my dank uitspreek teenoor Erina vir die goeie en dikwels ondankbare taak wat sy so getrou vir ons uitvoer. So het sy in 2015 33 bouplanne, waarvan 5 nuwe huise was, goedgekeur sodat die Bou-Afdeling van die Munisipaliteit daarna kon kyk. Lede oortree soms bouregulasies, dikwels onwetend. Ek wil ook graag my waardering teenoor hulle uitspreek dat as Erina hulle op die foute wys, hulle onverwyld verskoning aangebied en die planne laat regstel. Dit het hulle uiteindelik duisende rande gespaar want die Regsafdeling van die Munisipaliteit is juis nou besig om stappe te neem teen 9 lede wat bouregulasies oortree het.

TYE WAAROP GEBOU MAG WORD

Verder wys ek u ook graag daarop dat die Munisipaliteit ook die tye waarop bouwerk gedoen mag word vasgestel het as weeksdae vanaf 06:00 soggens tot

06:00 saans. Op Saterdae moet dit staak om 05:00 saans. Op Sondae en Christelike vakansiedae mag nie gebou word nie. Die kontak-persoon hier is Bertie Supra by tel: 044 6065230 of sel: 0748423561. Ons eie Grondwet bepaal ook dat bouery moet staak op die Vrydag naaste aan die 15de Desember elke jaar.

MISDAADVERSLAG –RAS DU TOIT

Ek gaan vir Ras du Toit, op ons Bestuur, vra om 'n kort misdaadverslag van ons gebied aan ons voor te hou. Ras is verbonde aan die SA Polisiediens in Oudtshoorn. Hy werk egter skof en kon nie vandag afkry nie.

TOEKOMSVISIE VIR ONS VEREENIGING

Ons lewe in 'n wêreld waar dinge voortdurend verander en dan dikwels hul oorspronklike betekenis heeltemal kan verloor. Daar moet dus voortdurend gewaak word dat ons nie sal afdwaal van duidelik geformuleerde doelwitte onderliggend van 'n stel waardes wat vir ons as riglyn in die toekoms mag dien nie. Omstandighede mag verander (dink maar hier aan die ou 99 jaar erfpagstelsel, tydelike strukture en die grondvloere van ouds) tot die pragtige oord waarin dit vandag ontwikkel het. Ten spyte van die 'sigbare' veranderinge was daar egter deurlopend ook 'n onderliggende stel waardes wat die veranderings gelei/ gestuur het.

Daarom is ek van mening dat dit tyd geword het dat hierdie 'onsigbare' waardes opgeteken moet word sodat dit as rigsnoere kan dien aan toekomstige besture waaraan hul hul besluite kan meet. Die vraag wat ons moet beantwoord is hoe wil ons graag hê dat ons nageslag ons vakansiedorp moet beleef oor 30/50 jaar, wanneer meeste van ons nie meer hier sal wees nie.

Daarom het ek aan Bestuur 'n langtermynvisie met 'n stel algemeen aanvaarde WAARDES voorgelê. Na bespreking, konsultasie met u as lede, en verfyning sal Bestuur dan poog om binne die stel waardes die HVHV in die toekoms te bestuur. Die doel hiermee is om die unieke aard, atmosfeer en karakter van ons geliefde Hartenbos as gesinsvakansieoord te beskerm en uit te bou tot totale genot en stigting van hulle (oud en jonk) wat na ons sou kom. Hoewel ons hiermee 'n bietjie agter- en vorentoe wil kyk wil ons hoofsaaklik boontoe kyk.

Ons strewe is dat die volgende WAARDES sal voortleef:

1 Christelike beginsels en waardesisteme;
2 Afrikaanse karakter behoue sal bly waar ons steeds in Afrikaans met mekaar kan kommunikeer;
3 Vakansievermaak vir die HELE gesin voorkeur sal geniet;
4 Beskerming en sekuriteit sodat dit steeds 'n veilige plek vir almal sal wees;
5 Te bly voortbestaan as 'onafhanklike' vakansiedorp met beheer oor eie sake;
6 Estetiese karakter van ons gebied beskerm en verder uitbou;
7 Goeie buurmanskap sal handhaaf;
8 …………………………………………………………………….
9 …………………………………………………………………….

Elke waarde sal dan uitgebrei word met 'n aantal aksies om die waarde te

vergestalt.

Ons wens is dat dit as riglyn vir toekomstige besture mag dien waaraan hul besluite in die toekoms gemeet kan word. Die gedagte is dat ons Bestuur se poging na ons eerste vergadering aan lede sal deurstuur. Ons wil graag u vryelike kommentaar/wenke daarop ontvang voor die einde van Junie 2016. Daarna sal Bestuur dit verfyn en verder verwerk en by ons volgende Jaarvergadering aan u voorlê.

Ander sake Sake wat deurlopend op vergaderings aandag geniet het is die volgende:

1) Padinstandhouding ooreenkomstig ons prioriteitslys – hier doen Attie vir ons baie goeie werk.

Na hewige reën het die onderste deel van Tugelalaan onder water-erosie deurgeloop. Dit is ’n munisipale straat wat so swak gebou is dat dit eintlik afsteek teen die standaard van ons herboude strate. Dit is ook die deel wat die water vanuit die Amfi versamel en laat oorloop in ons Radynstraat. Na ’n klagte van een inwoner het die Munisipaliteit die maklike weg gevolg en Bestuur beskuldig oor ons Sandrivier en strate hoër op in Strydomsoord opgradeer het ‘sonder hul goedkeuring’ en dis dan nou die rede waarom al die water in Tugelalaan versamel en afvloei en sodoende die onderste deel straat laat verbrokkel. Bestuur se besluit was om nie in ’n regsgeding met die stadsraad hieroor betrokke te raak nie, en die straat vanaf Sandrivier tot by Radynstraat te herseël en van die nodige randstene te voorsien vir behoorlike kanalisering van afloopwater na die opvangput in Radynstraat. Dit lyk reeds pragtig maar die laaste afrondingswerk sal nog na die vakansie gedoen moet word.

2) Toegang vir Strydomsoord se inwoners, buite seisoentyd, see toe wat afgesper word deur die palissade heining rondom Terrein F is doeltreffend aangespreek. ATKV het ’n aantal sleutels aan Erina oorhandig wat die slot agter die ablusieblok langs Tugelalaan oopsluit sodat lede daar kan deurstap see toe. U mag ’n sleutel by Erina afhaal, maar sal daarvoor moet teken, want ons ooreenkoms met ATKV is dat ons die hek weer sorgvuldig agter ons sal toesluit. Die probleem dat ATKV kampeerders, op die 2 staanplekke agter die ablusieblok wat ook die hek gebruik, en nou in Tugelalaan, ONS STRAAT, parkeer is reeds deur sekuriteit hanteer. Die onwettige parkering blokkeer nie net verkeer in ons straat nie, maar hulle weier ook om die vereiste dag-parkeergeld aan ATKV te betaal vir parkeerplek binne Terrein F.

3) Met Mosegalaan kan ek nog geen vordering rapporteur nie, maar ons is steeds in onderhandelings met ATKV. Dit behoort vroeg volgende jaar die nodige aandag te kry.

4) Vullisverwydering meer as 1 maal per week in seisoentyd. Na ons ’n taamlike koue skouer vanaf Munisipaliteit hieroor ontvang het, het Bestuur besluit om op eie koste in die vakansieseisoen Vrydae ’n ekstra verwydering van vullis te reël. Stadsraad het weer, soos in die verlede, gratis BINS tot ons beskikking geplaas in Sonskynvallei op die Oudtshoorn pad.

5) Verkeerspolisie. Ek wil lede en vakansiegangers komplimenteer met hul stadige ordelike spoed binne ons terrein vanjaar. Die spoedgrens is deurgaans 40km per uur.

6) Paardekraalweg in seisoentyd. Hier hou die munisipaliteit d.m.v. die verkeerspolisie ’n ferm greep op die kwajongens veral tydens Oujaarsnag.

7) Eiendomsbelasting. Daar word deurgaans gewaak teen buitensporige

waardasies van ons lede se eiendomme.

8) Toegang tot amfiteater. Hier het ATKV pragtig saamgewerk. Die hek vanuit Sandrivierweg, wat toegang gee tot die Amfi, word soggens 6:00 vir voetgangers oopgemaak sodat die terrein ook deur ons benut mag word. Ek weet bv. van een moeder wat elke oggend vroeg voor sonsopkoms, terwyl meeste van ons nog slaap, haar stiltetyd op die trappe daar hou. Dan gebruik heelwat drawwers en atlete ook die trappe vir oefeninge deur die dag. Dankie hiervoor ATKV.

9) ŉ Buurtwagorganisasie, onder voorsitterskap van Johan Grabe, vir die groter Hartenbos-gebied is in samewerking met die polisie en munisipaliteit gestig, om veral ongure karakters uit die hele Hartenbos te help verwyder. Op versoek het Bestuur, soos ook verskillende besighede saam met ATKV, R5 000 eenmalig hiertoe bygedra. Dit is gedoen in ŉ poging om die hele Hartenbos nog beter te beveilig vir ons bewoners.

10) Ons padbou-program vorder so mooi dat ons voortaan min nuwe paaie sal moet bou, slegs bestaandes onderhou. Ons kon dus nou middele uit ons reserwefonds gebruik en vroeg vlg. jaar al die straatname, verkeers- en toegangstekens hernu. Versoek u tieners tog maar (veral besoekende Matrieks) om nie weer die borde weg te dra of stoptekens om te draai, iets wat vir die jonger garde tog so ŉ groot versoeking is nie, asb.

11) Tuindienste verslae wat ons gereeld op vergaderings ontvang en hanteer, skets ŉ pragtige beeld. Ons het vanjaar met die aanvang van die somer weer ŉ breëblaar onkruiddoder deur die hele oord laat spuit en sodoende meeste van die verpestelike duwweltjies bestry. Dit sal jaarliks opgevolg word. Dankie aan verskeie lede wat hul dank en tevredenheid oor die algemene netheid en toestand van ons oord aan ons deurgegee het. Die enkele navrae/probleme van lede, is aan Theo deurgegee wat hy self met lede opgeneem het.

12) Soos verlede jaar wil ek weer vra dat u asb. u bouers versoek om nie hul sement op ons teer padoppervlak te meng nie. Teer en sement het verskillende grade van hitte tolleransies en sit uit en krimp dus ongelyk met die gevolg dat water die padoppervlak deur die krake insypel en kort na u bouery klaar is, begin die pad dus daar verbrokkel. Ander lede moet dan ook vir die herstel van die pad opdok.

STRAATBRAAI (Sommer iets om aan te herkou)

So vanaf 06:30nm op Oujaarsaand is Melkhoutlaan, Strydomsoord, weer toe vir verkeer wanneer almal vroegaand spontaan die straat aan beide kante gaan toemaak vir die tradisionele lekker Boere Oujaar Straatbraai. Almal sleep dan hul draagbare baaiers straat toe vir ŉ wonderlike gesinsfees. . Daar word dan gesellig gekuier en nuwe vriendskapsbande gesmee. Ander inwoners/huurders is natuurlik ook welkom. Dit is hierdie soort van spontane aksies wat Hartenbos so uniek maak.

Laastens wil ek vir u sê dat ek vanjaar weer diep onder die indruk gekom het van die groot werklas wat veral deur Schalk se hande gaan. Ek wil vra dat lede aan Schalk die nodige dank gee deur ŉ lekker handeklap.

My dank gaan ook aan die hele bestuur vir uiters waardevolle werk wat hulle onbaatsugtig aan ons Vereeniging lewer. Daarvoor verdien hulle ons opregte dank en waardering. Met sulke mense is ons oord in goeie hande en sal ons jaarliks weer ons batterye kan kom herlaai hier op ons geliefde Hartenbos in die salige wete dat ons eiendomme in bekwame hande is.

Hiermee lê ek dan nou my uitgebreide Jaarverslag vir kommentaar aan u voor.

5.4 BESPREKING

5.4.1 Die kwessie van die voëls word bespreek. Lede word gewys op die gesondheidsgevaar van die misstof wat in die omgewing teenwoordig is. Die bestuur sal die saak verder met die stadsraad opneem.

5.4.2 Die bestuur se doelwit om 'n langtermyn strategie vir die vereniging op te stel word deur lede verwelkom. Sodra die bestuur die konsep dokument aanvaar het sal die dokument aan lede versprei word vir insette.

6. FINANSIëLE VERSLAG EN BEGROTING

6.1 Die geouditeerde finansiële state word aan die vergadering voorgehou. Die vergadering neem kennis. Die state is by die afgelope bestuursvergadering voorgelê vir goedkeuring. Die voorsitter en sekretaris sal die state namens die vereniging teken. Grant Thornton George word aangestel vir die volgende jaar se oudit.

6.2 Die begroting word voorgehou. Die vergadering neem kennis

7. ATKV ONTWIKKELING

Die bestuurder van Hartenbos, Mornay Beukes gee kortliks toeligting oor die beplande ontwikkeling van die strandfront area. Punte wat hy uitlig is die volgende:

7.1.1 Die ontwikkeling is redelik afgeskaal. Die geboue wat nou behou gaan word is

- Die Walvissaal met opgradering
- Die bestaande winkels om die Spur maar met aanpassings.
- Die warm swembad
- Die ankerwinkel skuif tot waar die waterwurm nou staan
- Die sokkiesaal skuif tot langs die walvissaal
- Die hele ontwikkeling fokus op 'n familie omgewing

7.1.2 Die ontwikkeling gaan in fases gedoen word.
7.1.3 Die beplande begin van fase 1 is na die April vakansie
7.1.4 Die planne en fase ontwikkeling is in die voorportaal van die saal uitgestal.

8. VERKIESING VAN BESTUUR

Die volgende persone is in terme van die Konstitusie en behoorlik vir die bestuur genomineer. Die nominasie val binne die riglyn van die konstitusie en die lede word tot die bestuur verkies.

Albert Grobler – 083 400 1221
Attie Goosen – 071 341 2496
Boeta van Heerden – 082 464 5434
Schalk van Vuuren – 083 628 7900
Ras du Toit – 083 415 7276
Erina Marais – 083 233 7108
Lukie van Niekerk – 083 373 7400
Dries du Toit – 083 270 4695

BESLUIT

Die verkose bestuur kom net na die vergadering byeen en die volgende ampsdraers word voorlopig gekies:

| | |
|---|---|
| Voorsitter | Dries du Toit |
| O/Voorsitter | Erina Marais |
| Sekretaris | Schalk van Vuuren |

9. SLOTWOORD EN AFSLUITING

9.1 Baie dankie aan lede vir u komplimente deur die loop van die jaar en ook aan die wat positiewe kommentaar en bydraes gelewer het. Weereens ook my dank aan elke Bestuurslid. Ek dink julle het julle goed van jul taak gekwyt. Ons vertrou dat u almal ʼn aangename Kersdag saam met u geliefdes deurgebring het. Mag 2015 vir u ʼn goeie jaar wees met baie voorspoed.

Die vergadering verdaag om 11:00

**GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN IN ...................................................................... OP**

**HIERDIE ................... DAG VAN .................................................................. 20 ................**

**---------------------------------**
**VOORSITTER**

**........................................**
**SEKRETARIS**